

## Twee gedigte



### sehnsucht

verlange nie van hier en nou eens naby nie  
beur uit die nes van jou omhelsings aartsverlater sy  
reikhals swaanmooi  
heen 'n trekvoël nie van hier nie nou of  
digby nie

haar hunker-  
sug  
hang windstilswaar daar waar sy weggefletter het  
uit die geknak-  
te takelwerk van  
spookskip lengte-van-dae

hy gaan tuisteskep dus metterwoon jou liefhê uit die gemis  
maak loopbaan al oor die spoor van die vergetelheid  
jou oog op aldag en sy wonders (dogtertjies-met-haarstrikke)

dan kom daar poskaarte uit vanouds van gunter af  
jou kop glip naweke weg kantien toe op vergesog na  
hotel afgeleef op êrens  
weke wil jy vort jy wil hoor sy wás daar ja ge-*hitchhike*  
glo of ysterperd gery  
dwaaldolla oor wie elke tweede jan rap *sad* stories  
weet te verkoop

hy gaan sit in leë kerke waar jy vermoed sy kon gewees het  
bedeloos  
omwille luisterryke swyes

in 'n lughawe se vertreksaal  
teen hoë digte vensters langs  
iewers aan die einde van 'n somer  
volg jou oë om en om die onbegonne trekswaalvlug

in tale aan die kwyn haastig of langamerhand reis jy  
verslangs  
onweerstaanbaar toe na digterby en raakgesê  
maar sy is soek in elke gedig

verseindes skiet te kort immer sy weet dat eindes  
eintlik oop  
soos einders is waar jy 'n sin wil toeknoop by die punt  
daar glip  
verlange  
uit

Jul skandekind ontdek jy op 'n dag dool  
in jou voortuin rond kaal en maer huil-huil  
hier nou

### Straatmuse

Wink-  
of wuifbe-  
wegings  
anderkant die multilaan-sakestraat  
val jou by koerantkoop in  
die oog.  
Appèl aan jou? Of iemand wat na  
jou wil kom?  
Jy sien stuk-stuk deur die drukke huistoegaanverkeer die  
wink- of wuiwery,  
geroep en -lonk en -mik  
tot wanhoop toe ...  
dat sy (dis tog 'n sý?) gaan  
moed verloor ...

en jy rek die nek  
en soek die deurkomkans, linksom langs, of  
regs, na oorkant waar sy was,  
jy merk iets verlangs straat-af  
soos 'n metafoor  
– die oorbrug van 'n gedig –  
en veg en vleg dié ompad oop,  
trippel trappe op  
en trappe  
af  
om oorkant aan te land.  
In die maling van gelate op  
amptenaredrag

#### Read online:



Scan this QR  
code with your  
smart phone or  
mobile device  
to read online.

**Author:** B.J. Odendaal<sup>1</sup>

**Affiliation:** <sup>1</sup>ATKV School for Creative Writing, North-West University, Potchefstroom Campus, South Africa

**Corresponding author and email:** B.J. Odendaal; bernard.odendaal@nwu.ac.za

**How to cite this article:** Odendaal, B.J., 2016, 'Twee gedigte', *Literator* 37(1), Art. #1232, 2 pages. <http://dx.doi.org/10.4102/lit.v37i1.1232>

**Copyright:** © 2016. The Authors. Licensee: AOSIS. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

duik praggrimeersel op, hier, daar, met  
kokette  
wenkbrouvraag, en skuif die lok-kledy  
(onvermy-  
delik – ou cliché – die skynverhulde dy)  
oop ... Ligtekooiverleiding bloot.  
Aandskemer bly: ou filmrol wat stol,  
brandvlek. Maar gelding stu. Iets wil

soos beursie in jou broeksak bultmaak; en  
jy kyk nog om

oorkant toe: na hoe 'n jy daar staan,  
dagbladlesend in 'n bushalte-ry,  
aldagbenullig, kop wat huis toe staan,  
sonder waan oor waar gelonk heen lei.

---